# GENADE

KONINKRYK GELYKENISSE

Aharah Familiekerk

## Inleiding

Genade, wat is dit presies? Ons meet gewoonlik genade aan ‘n menslike emosie of gevoel wat ons vir ander het. Genade in sy ware betekenis is nie menslik nie, maar Goddelik! Genade kom van God self. Ons beredeneer genade dikwels vanuit ‘n menslike oogpunt en wat ons daarvan maak. Genade in menslike terme is opsioneel en beperk, terwyl Goddelike genade onvoorwaardelik, onbeperkte gevolge het vir elke mens.

Wanneer ek aan genade van God dink, gaan my gedagtes onwillekeurig na Efesiërs 2 toe. (Sien Efesiërs 2:8,9)Hier kry ons te doen met Goddelike genade, die geskenk van die Ewige Lewe, dat ons as gewone mense die Ewige Lewe kan ontvang sonder om iets te doen. Ja die GESKENK van God is ‘n Ewige Lewe saam met Hom! Hy gee dit verniet weg! Maar dit kos die duurste prys! Nie rand en sent nie, die Lewe van SY SEUN. Jesus sterf in my plek, namens my, vir my, sodat Ek na die Vader kan gaan. Genade maak die deur oop tot die Ewige Lewe deur die Seun Jesus.

**Johannes 3:16; Efesiërs 2:8,9; 1 Johannes 5:11-13; Romeine 5:6-11 (let op vers 8)**

Lees deur hierdie Skrifgedeeltes bo, en bespreek dit in jul groep.

## Genoeg Genade

‘n Ander aspek wanneer dit by genade kom, is die feit van “Genoeg Genade”.

Wat is genoeg?

**Wat dink jy bedoel die Skrifgedeelte in 2 Korintiërs 12:9?**

Bestaan daar so iets soos te veel genade of dalk te min genade in menslike terme?

Bestaan daar so iets soos te veel genade of dalk te min genade in Goddelike terme?

Deel met mekaar waar jy daagliks of in die afgelope tyd genade ontvang het van God.

Waar en van wie het jy dalk die afgelope week of so, menslike genade ontvang?

**Kom ons bid saam en dank God vir SY onvoorwaardelike genade aan ons.**

# GELYKENISSE OOR GROEI

# GENADE

KONINKRYK GELYKENISSE

## 1. Genade van God - Die Gelykenis van die groot maaltyd (Lukas 14:15-24) of die Gelykenis van die Bruilof (Matteus 22:1-14)

Lees een van die bogenoemde gelykenisse deur in die groep.

Die genooides is die Jode, hulle verwerp die Messias en woon nie Sy "maaltyd" by nie. Die mense wie later genooi word is die heidinne (nie-Joodse volke), ons word ook na die maaltyd of bruilof genooi. Die uitnodiging is deur God, deur Sy Seun, Jesus Christus aan alle mense, Jood of heidin. Mense het verskonings waarom hulle nie na God se roepstem wil luister nie.

(Lukas 14:18-20)

Lees die bogenoemde verskonings. Wees nou eerlik voor die Here, alleen, jy het nie nodig om dit in 'n groep te deel nie, maar watter verskonings gebruik jy soms om jou verantwoordelikhede vry te spring as dit kom by die Koninkryk van God? Wat gebruik ons as skuilplek om te blameer waarom ons nie God se genade aanvaar of deel met ander nie? God nooi jou! (Lees: Titus 2:11; Openbaring 3:20; Matteus 11:28; Jesaja 1:18)

Die voorwaarde is dat ons SY weg volg, nie ons eie nie. Nie self probeer, my vermoë, my werke, my goedheid ensovoorts nie, net SY WEG en SY GENADE.

**Jesus sê: "Ek is die weg, die waarheid en die Lewe, niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."**

**Die "WEG"** tot God in die Ou Testament was deur die voorhof van die Tabernakel of Tempel. Daar waar die offers gemaak is. Twee belangrike plekke in die voorhof was die Altaar waar die offers gebring was en die koper waskom waar reiniging plaasgevind het. Dit was die "WEG" tot God vir die gewone mens.

**Die "WAARHEID"** word gesimboliseer deur die "Heiligdom" waar net die priesters kon ingaan, daar vind ons drie belangrike dinge naamlik die Tafel met die toonbrode, die lig kandelaar en die reukoffer altaar. Die waarheid is vasgevang in die Brood van die Lewe (Jesus die Brood en voeding – Johannes 6:48) die Menora of Lig kandelaar (Jesus is die Lig van die wêreld en die lig tot God – Johannes 8:12). Derdens die reukoffer altaar, die vuur moes 24 uur 'n dag, 7 dae per week brand as lieflike geur vir die Vader, dit is ons 24/7 verhouding met God en ons lieflike geur van gebed tot God. Dit is die waarheid.

**Die "LEWE"** is die "Allerheiligste" die volmaakte kubus ewe hoog, breed en lank. God Drie-enig woon daar! Die Verbondsark was in die Allerheiligste, niemand mag daar ingegaan het nie, slegs die Hoëpriester, een maal per jaar op die groot Versoendag. Daar het hy jaarliks namens die hele volk versoening gesoek by God vir die sonde van die volk. Op die Kruisigings dag, skeur die voorhangsel middeldeur en baan vir ons 'n weg tot die LEWE deur die kruis van Jesus! (Matteus 27:51 en Hebreërs 10:19-22 (sien vers 20)

Daarom het Jesus alles van die tabernakel en die Tempel vervul en kon Hy met vrymoedigheid sê: "EK is die weg en die waarheid en die Lewe".

# GELYKENISSE OOR GROEI
# GENADE

Die man sonder die bruilofskleed in die Matteus weergawe van die gelykenis het teoloë en Bybel studente al jare aan die praat. Verskillende opinies en argumente word gevoer van uitverkiesing tot ingewikkelde teologiese verklarings. **(Matteus 22:11-13)**

Die persoon sonder die "bruilofskleed" kan net een ding beteken. Almal word genooi en voorsien van 'n bruilofskleed, wit klere, m.a.w. skoon gewas en rein vir die bruilof. Almal, elke kreupele, blinde, arm mens (mense met sonde) word genooi en moet deur die reinigings proses gaan van skuldbelydenis en versoening. Die man het nie deur die proses gegaan nie en wou op sy eie "wit klere" m.a.w. sy eie werke staatmaak om die bruilof van die Koning by te woon, ja hy was ook genooi, maar wou nie die Koning se "WEG" aanvaar nie.

Wanneer ontvang ons die Bruilofskleed? Met wedergeboorte, deur SY Bloed alleen, nie deur ander weë of ander maniere nie. (1 Johannes 5:11-13; Johannes 3:16 ensovoorts)

Die vraag is: Het jy jou "bruilofskleed"? Is jy gereed en welkom by SY maaltyd?

## 2. Genade aan mense – Die Gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Lukas 15:25-37)

Sekerlik een van die bekendste gelykenisse. Lees die gelykenis hierbo genoem.

Maklike gelykenis om te verstaan, maar moeilik om uit te leef! Wie is my naaste? Kan ek kies met wie ek genadig wil wees? Kan mense my genade verdien? Is genade net finansiële hulp? Klomp vrae wat mense vra!

Die belangrikste is dat ons oop is vir die Heilige Gees se leiding om ons te lei, waar ons op watter manier, met wie betrokke moet wees.

Die vraesteller het reg geantwoord nadat hy Jesus gevra het wat hy moet "doen". So kennis van die "regte ding" om te doen is nie die probleem nie, ook nie vir jou en my nie, die probleem kom dikwels met die uitvoering daarvan. **(Sien Lukas 10:26-29 vergelyk Matteus 22:35-40)**

Werk van genade is nooit ooit om in die hemel te kom nie, maar uit dankbaarheid omdat HY reeds vir my die Ewige Lewe **GEGEE** het. Werke tel nie tot Saligheid nie maar as gevolg van Saligheid. **(Efesiërs 2:8.9)**

**Wat kan ons doen?** Vertrou die Here om op jou hart te lê waar, wanneer en hoe jy genade kan openbaar teenoor jou medemens, dit kan in enige manier gedoen word, ondersteuning, liefde, deernis, simpatie, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, insluiting van 'n uitgeslote persoon, gebed, glimlag of ook finansiële bystand. Ons kan ook ons Godgegewe gawes gebruik om ons medemens te dien en so die Koninkryk bevorder. **Begin klein! Wag vir leiding gee deur Sy Gees.**

'n Paar verse waaroor jy kan bid en dink: **Matteus 7:12; Hebreërs 13:16; Lukas 6:25; Romeine 12:20.** Mag die Here jou seën en mag jy Sy genade vir jou lewe vind, asook Sy genade met ander deel.

*Ahavah Groete, Marius van Jaarsveld*